SUIDER-AFRIKAANSE VERENIGING VIR NEERLANDISTIEK

30 Januarie 2026

# Wisseldosentskap aan die Universiteit Leiden (1 Februarie tot 30 April 2027): Oproep tot aansoeke – Letterkunde (LUCAS)

Geagte kollegas

Die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN) nooi hiermee belangstellendes uit om aansoek te doen vir die wisseldosentskap in Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde aan die Universiteit Leiden vir die tydperk **1 Februarie tot 30 April 2027**.

Die wisseldosentskap word in samewerking met die **Leiden University Centre for the Arts in Society (LUCAS)** aangebied en val binne die letterkundige fokus van die program. Akademiese koördinering aan Leiden se kant geskied onder leiding van prof. dr. Sander Bax, in samewerking met dr. Esther Op de Beek.

## Aard en duur van die wisseldosentskap

Die wisseldosentskap kan óf deur **een dosent vir die volle tydperk van twaalf weke** aangebied word, óf **tussen twee dosente verdeel word**, met **ses weke per dosent**, mits die kursus inhoudelik gekoördineer word en die tema konseptueel deur beide dosente gedra word.

Die suksesvolle kandidaat of kandidate sal ’n kursus van twaalf weke aanbied aan voorgraadse en nagraadse studente. Die kursus fokus op temas binne Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde en kan vergelykende, transnasionale of teoretiese invalshoeke insluit.

Die wisseldosent(e) sal verder aangemoedig word om navorsingsamewerking met kollegas aan LUCAS te verken.

Let wel: In vorige jare is kursusvoorstelle in ’n streng voorgeskrewe formaat vir Leiden se jaarboek vereis. Om beplanning te vergemaklik, word kandidate versoek om reeds tydens aansoek die nodige besonderhede te verskaf, insluitend of daar vir ’n volle of gedeelde aanstelling aansoek gedoen word.

## Wie kan aansoek doen?

- Akademici met ’n **vaste aanstelling** aan ’n universiteit in Suid-Afrika of Namibië, **en/of**
- Akademici met ’n **PhD en ’n bewese navorsingsrekord** in Afrikaanse en/of Nederlandse letterkunde.

SAVN
SUIDER-AFRIKAANSE VERENIGING VIR NEERLANDISTIEK

## Finansiële ondersteuning

Die Universiteit Leiden stel 'n toelae van ongeveer **€5 100 beskikbaar vir die volle drie maande**, ter dekking van verblyf- en lewenskoste.

Aansoekers word aangemoedig om bykomende befondsing vir reiskoste te verkry, byvoorbeeld via hul tuisinstelling, die **Fonds Neerlandistiek**, **Stichting Neerlandia**, of ander toepaslike instansies.

## Aansoekvereistes

Stuur asseblief die volgende dokumente teen **Dinsdag 31 Maart 2026** aan die SAVN-bestuur:

- 'n Kort motiveringsbrief (maksimum 2 bladsye)
- 'n Volledige akademiese CV
- 'n Voorlopige kursusontwerp vir 6 of 12 weke

**Aansoeke aan:**

- Prof. Alwyn Roux – erouxap@unisa.ac.za
- Me. Gonneke Groenen – gonneke.groenen@nwu.ac.za
- SAVN-sekretariaat – suiderafrikaanseneerlandistiek@gmail.com

Universiteite in Suid-Afrika en Namibië word vriendelik versoek om hierdie oproep wyd te versprei, veral binne Afrikaanse en Nederlandse letterkundedepartemente. Aktiewe dosente met klaservaring sal voorkeur geniet vir hierdie unieke geleentheid tot internasionale akademiese uitruiling.

Vriendelike groete

**Prof. Alwyn Roux**
Voorsitter: Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)